



**education**

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**LEWENSWETENSKAPPE**

**EKSAMENRIGLYNE**

**GRAAD 12**

**2009**

**Hierdie riglyne bestaan uit 26 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

<b>Afdeling</b>	<b>Onderwerp</b>	<b>Bladsy</b>
1	Inleiding	3
2	Formaat van Vraestelle	3
3	Gewigswaardes vir die Leeruitkomstes	4
4	Gewigswaardes vir die Kognitiewe Vlakke	4
5	Gewigswaardes vir die Kennisareas	4
6	Ontrafeling van die Assesseringstandaarde vir elke Leeruitkomstes	5
7	Omvang van die Inhoud	9

## 1. INLEIDING

Hierdie aangepaste Eksamenriglyne vir 2009 en 2010 is ontwerp om die veranderinge oor wat in Graad 12 onderrig, geleer en geassesseer behoort te word en wat deur DoE goedgekeur is, te verduidelik. Hierdie dokument vervang die vorige Eksamenriglyne gedateer 2008.

Hierdie eksamenriglyne bestaan uit die volgende:

- 1 Die samestelling en formaat van die vraestelle
- 2 Die gewigswaarde vir die uitkomstes vir elke vraestel
- 3 Die gewigswaarde vir die kennisareas per vraestel
- 3 Verduidelik elke assesseringstandaard in elke leeruitkomste. (Verduidelik die vaardighede wat geassesseer behoort te word om die prestasie van die spesifieke assesseringstandaard te demonstreer)
- 4 Die omvang en diepte van die inhoud wat geassesseer word. Die veranderinge is in vetdruk aangedui.

## 2. DIE FORMAAT VAN BEIDE VRAESTELLE VIR DIE FINALE EKSAMENS (ASOOK VIR DIE SEPTEMBEREKSAMEN IN GRAAD 12)

Die formaat van albei vraestelle is dieselfde en alle vrae is verpligtend. Die duur van die vraestelle is 2½ uur.

Afdeling	Beskrywing	Punte
A	<ul style="list-style-type: none"> <li>➤ Bestaan uit `n verskeidenheid tipes vrae soos meervoudige-keuse, terminologie, paringsvrae, diagramme, ens.</li> </ul>	50
B	<ul style="list-style-type: none"> <li>➤ Bestaan uit twee vrae wat `n verskeidenheid vaardighede en bevoeghede assesseer.</li> <li>➤ Vrae mag opgedeel in onderafdelings wees.</li> <li>➤ Vrae mag gebaseer wees op gegewe inligting in verskeie formate, paragrawe, tekeninge, ens.</li> </ul>	60 (2 x 30)
C	<ul style="list-style-type: none"> <li>➤ Die eerste deel van die afdeling bestaan uit een vraag gebaseer op `n gevallestudie of vrae gebaseer op data-analise en interprettering.</li> <li>➤ Die tweede deel bestaan uit `n mini-opstel.</li> <li>➤ Terwyl die opstel op Leeruitkoms 3 fokus, behoort dit ook ander Leeruitkomste assesseer.</li> </ul>	40

**3. DIE VERHOUDING TUSSEN DIE DRIE LEERUITKOMSTES**

Die verhouding tussen die drie leeruitkomstes vir elke vraestel.

<b>LO1</b>	<b>LO2</b>	<b>LO3</b>
40%	40%	20%

**4 DIE VERHOUDING TUSSEN KOGNITIEWE VLAKKE**

Die verhouding tussen die kognitiewe vlakke vir beide vraestel.

<b>Kategorieë</b>	<b>A (Basiese Ken- nis)</b>	<b>B (Insig en be- grip)</b>	<b>C (Toepassing)</b>	<b>D (Evaluering &amp; sintese)</b>
Gewigswaarde (%)	20%	40%	30%	10%

**5 GEWIGSWAARDE VIR DIE KENNISAREAS IN ELKE VRAESTEL**

<b>Vraestelle</b>	<b>Vraestel 1</b>		<b>Vraestel 2</b>	
<b>Kennisarea</b>	Weefsels, Selle & Molekulêre Studies	Strukture, Beheer & Prosesse	Omgewingstudies	Biodiversiteit, verandering & kontinuïteit
<b>Onderwerp</b>	DNA, Proteïensintese & Genetika	Voortplanting in Mense & Plante	Plaaslike Omgewingskwessies & Uitwerking van Besoedelingstowwe op die Mens	Vroeë Teorieë van Evolusie, Bewyse, Massaitwittings en Oorsprong van die Mens
<b>Gewigswaarde (%)</b>	<b>60%</b>	<b>40%</b>	<b>50%</b>	<b>50%</b>

## 6 DIE ASSESSERINGSTANDAARDE

Tabel 1: LU 1 – WETENSKAPLIKE ONDERSOEK EN PROBLEEMOPLOSSINGSVAARDIGHEDE

	GRAAD 12	Uitbreiding
<p><b>Asseseringstandaard 1</b></p> <p>Die leerder identifiseer en bevraagteken verskynsels en beplan 'n ondersoek.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Samestelling en bevraagtekening van 'n hipotese gebaseer op geïdentifiseerde verskynsels vir situasies met meer as een veranderlike</b></li> <li>• <b>Ontwerp toetse en/of opnames om hierdie veranderlikes te ondersoek</b></li> </ul>	<p><b>Eksperimentele ontwerp</b></p> <p><b>Identifiseer en bevraagteken verskynsels</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Deur waarnemings, identifiseer verskynsels en formuleer 'n vraag</li> <li>▪ Lys alle moontlike veranderlikes (faktore)</li> <li>▪ Formuleer 'n hipotese (voorspelling) wat die kriteria volg <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verduidelik alle aspekte van 'n waarneming</li> <li>- Die eenvoudigste moontlike verduideliking</li> <li>- Op so 'n manier uitgedruk dat voorspellings daaruit afgelei kan word en</li> <li>- Deur 'n eksperiment getoets kan word</li> </ul> </li> </ul> <p><b>Beplan/ontwerp 'n ondersoek sonder instruksies</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Identifiseer die veranderlike wat getoets moet word (afhanklike veranderlike)</li> <li>▪ Identifiseer die <b>onafhanklike veranderlikes</b></li> <li>▪ <b>Identifiseer ander faktore wat konstant gehou moet word</b></li> <li>▪ Lys geskikte apparatuur</li> <li>▪ Beplan opeenvolging van stappe</li> <li>▪ Stel geskikte kontrole op</li> </ul> <p><b>Evalueer die eksperimentele ontwerp</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Identifiseer voordele en beperkings van eksperimentele ontwerp</li> </ul>
<p><b>Asseseringstandaard 2</b></p> <p>Die leerder doen ondersoek deur data te versamel en te interpreteer.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Vergelyk instrumente en tegnieke om die akkuraatheid en betroubaarheid van dataversameling te verbeter</b></li> <li>• <b>Manipuleer data in die ondersoek om patrone te ontdek</b></li> <li>• <b>Identifiseer onreëlmatige waarnemings en metings</b></li> <li>• <b>Laat toe vir onreëlmatige waarnemings en metings wanneer data vertoon word</b></li> </ul>	<p><b>Versamel data</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Kies die instrument/metode wat die mees gepaste een is vir die versameling van data in 'n ondersoek</li> <li>▪ Skaaltekening, meting van hoeveelhede, sistematiese tel, passing, differensiering, beskrywing van voorwerpe/meganismes/prosesse, neem van foto's, identifisering van probleme en oorsake</li> <li>▪ Identifiseer faktore wat jou betroubaarheid en geldigheid kan beïnvloed</li> </ul> <p><b>Hou rekord van resultate/bevindings</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Teken resultate aan in die vorm van tabelle, tekeninge, beskrywings, prente, ens.</li> <li>▪ Identifiseer patrone in die resultate</li> <li>▪ Identifiseer onreëlmatige waarnemings en teken dit aan</li> </ul>

		<b>Herorganiseer data</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Stel grafieke op (lyngrafieke, staafgrafieke, histogramme en sirkeldiagramme)</li> <li>▪ Konstrueer vloeiagramme, breinkaarte en konsepkaarte, ens.</li> <li>▪ Identifiseer patrone/verhoudings in die data</li> </ul>
--	--	---

	GRAAD 12	Uitbreiding
<b>Asseseringstandaard 3</b>  Die leerder ontleed, sintetiseer, evalueer data en kommunikeer bevindings.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Ontleed krities, oordink en evalueer die bevindings</b></li> <li>• <b>Verduidelik patrone in die data t.o.v. kennis</b></li> <li>• <b>Verskaf gevolgtrekkings wat bewys lewer van onsekerheid in die data</b></li> <li>• <b>Stel spesifieke veranderings voor wat die tegnieke wat gebruik is, sou verbeter</b></li> </ul>	<b>Ontleed en evalueer bevindings</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Verduidelik die verhouding tussen die veranderlikes (hoe en wanneer die afhanklike veranderlike verander met die tyd/veranderinge in konsentrasie) (pH, lig, kooldioksied, ens.) tydens die eksperiment</li> <li>▪ Identifiseer en verduidelik tendense/patrone volgens grafieke (lyngrafieke, histogramme, staafgrafieke en sirkeldiagramme)</li> <li>▪ Doen berekeninge</li> <li>▪ Identifiseer en verduidelik onreëlmatige resultate</li> <li>▪ Vergelyk data (ooreenkomste en verskille)</li> <li>▪ Ontleed krities</li> </ul> <b>Maak afleidings/gevolgtrekkings wat</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die idee verduidelik, met redes</li> <li>▪ Onsekerheid in die data erken</li> </ul> <b>Verbeter die eksperimentele ontwerp</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Stel spesifieke veranderinge voor wat die apparatuur en tegnieke wat gebruik is, sou verbeter</li> </ul>

**Tabel 2: LU 2 – KONSTRUKSIE EN TOEPASSING VAN KENNIS AANGAANDE LEWENSWETENSKAPPE**

	<b>GRAAD 12</b>	<b>Uitbreiding</b>
<b>Asseseringstandaard 1</b> Versameling van kennis	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Gebruik verskillende metodes en bronne om toepaslike inligting uit 'n verskeidenheid kontekste te versamel</b></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Gebruik verskeie metodes en bronne om inligting te versamel.</li> <li>▪ Versamel inligting van 'n verskeidenheid kontekste, bv. kloning vanuit verskillende perspektiewe – godsdienstig, kultureel en wetenskaplik.</li> <li>▪ Gebruik die indeks om die betrokke dele vanuit verskillende bronne te identifiseer.</li> <li>▪ Evalueer die inhoud waaruit sleutelidees uit die verskeidenheid bronne gekies kan word.</li> <li>▪ Gebruik statistiese en grafiese data, bv. tabelle en grafieke vir die versameling van data.</li> <li>▪ Gebruik verskillende bronne soos naslaanboeke, handboeke, internet, deskundiges, onderwysers, portuurs, koerante en tydskrifte.</li> </ul>
<b>Asseseringstandaard 2</b> Interpretasie en verstaan van kennis in die Lewenswetenskappe	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Interpreteer, organiseer, ontleed, vergelyk en evalueer konsepte, beginsels, wette, teorieë en modelle en hulle toepassing in 'n verskeidenheid kontekste</b></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Interpreteer – om sin te maak van 'n konsep deur dit te verstaan.</li> <li>▪ Organiseer en ontleed – deur in eie woorde te beskryf en te verduidelik, deur gebruik te maak van vloeiagramme, breinkaarte, diagramme, paragrawe.</li> <li>▪ Vergelyk en evalueer konsepte, bv. alternatiewe teorieë van evolusie.</li> <li>▪ Pas verskillende konsepte, beginsels, wette, teorieë of modelle en alternatiewe verklarings toe in 'n verskeidenheid kontekste, bv. die konsep van surrogaat-moederskap uit 'n godsdienstige oogpunt, die etiek en wetenskap as kontekste.</li> </ul>
<b>Asseseringstandaard 3</b> Toon begrip van die toepassing van Lewenswetenskappe-kennis in die alledaagse lewe	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Evalueer en bied aan 'n toepassing van kennis van Lewenswetenskappe.</b></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Lys maniere waarop kennis van Lewenswetenskappe bruikbaar sowel as nadelig kan wees.</li> <li>▪ Neem besluite/stel oplossings voor wat gebaseer is op 'n evaluering van die bruikbare en nadelige effekte van Lewenswetenskappe-kennis.</li> <li>▪ Kommunikeer deur middel van debatte, plakkate, essays, ens. oor die toepassing van Lewenswetenskappe-kennis.</li> </ul>

**Tabel 3: LU 3 – LEWENSWETENSKAPPE, TEGNOLOGIE, OMGEWING EN GEMEENSKAP**

	GRAAD 12	Uitbreiding	
<b>Asseseringstandaard 1</b> Ontdekking en evaluering van wetenskaplike idees van vroeëre en teenwoordige kulture	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Evalueer krities wetenskaplike idees en inheemse kennis van vorige en teenwoordige kulture</b></li> </ul>	<b>Wetenskaplike idees:</b> Wetenskaplik – in ooreenstemming met die metodes wat in die wetenskap gebruik word Idees – produkte van denkkaktiwiteite <ul style="list-style-type: none"> <li>Wetenskaplike idees (wetenskapmetodes)</li> <li>Toets van die idees</li> <li>Ondersoeke</li> <li>Portuuroorsig</li> <li>Verifikasie deur wetenskapgemeenskap</li> <li>Konferensies</li> <li>Wetenskapydskrifte</li> <li>Aanvaarding deur wetenskapgemeenskap – teorie</li> </ul>	<b>Inheemse kennis</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Inheemse kennis (nie noodwendig wetenskaplike metodes nie)</li> <li>Toets van die idees</li> <li>Van geslag tot geslag</li> <li>Portuuroorsig</li> <li>Verifikasie deur gewone gemeenskap</li> <li>Van geslag tot geslag – verbale kommunikasie</li> <li>Aanvaarding deur gemeenskap</li> </ul>
		<ul style="list-style-type: none"> <li>Vergelyk die wetenskaplike benadering en tradisionele benadering en maniere waarop elkeen verander het, byvoorbeeld t.o.v. die behandeling van siektes.</li> <li>Vergelyk die voordele en beperkings van inheemse kennis en wetenskaplike idees van huidige en vroeëre kulture, bv. moderne en tradisionele geneesmiddels.</li> <li>Stel 'n hipotese saam of, ontwerp toets/veranderlikes.</li> </ul>	
<b>Asseseringstandaard 2</b> Vergelyk en evalueer die gebruike en ontwikkeling van bronne en produkte, en hulle impak op die omgewing en gemeenskap.	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Ontleed en evalueer verskillende maniere waarop bronne gebruik word in die ontwikkeling van biotegnologiese produkte en neem ingeligte besluite oor hulle gebruik en bestuur in die gemeenskap vir 'n gesonde, volhoubare omgewing</b></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Vergelyk, ontleed en evalueer die maniere waarop bronne gebruik word.</li> <li>Vergelyk, ontleed en evalueer die ontwikkeling van biotegnologiese produkte.</li> <li>Verduidelik die impak van bronbenutting en die ontwikkeling van biotegnologiese produkte op die omgewing.</li> <li>Verduidelik die impak van bronbenutting en die ontwikkeling van biotegnologiese produkte op die omgewing.</li> <li>Neem ingeligte besluite.</li> </ul>	
<b>Asseseringstandaard 3</b> Vergelyk die invloed van verskillende geloofsoortuigings, houdings en waardes op wetenskaplike kennis.	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Evalueer krities en neem 'n verdedigbare posisie in t.o.v. geloofsoortuigings, houdings en waardes wat ontwikkelde tegnologiese kennis en die toepassing daarvan op die gemeenskap beïnvloed</b></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Vergelyk en evalueer die invloed van verskillende geloofsoortuigings op die interpretasie van wetenskaplike kennis en die toepassing daarvan op die gemeenskap, bv. stamselle, kloning, kontrasepsie, spermbank, surrogaat-moederskap, aborsie, ens. Neem 'n standpunt in, en staaf dit met bewyse.</li> <li>Vergelyk en evalueer die invloed van verskillende houdings en waardes op die interpretasie van wetenskaplike kennis en die toepassing daarvan op die gemeenskap.</li> <li>Debatteer en redeneer oor die voordele en beperkings van sekere oortuigings, houdings en waardes t.o.v. die interpretasie van wetenskaplike kennis en die toepassing daarvan op die gemeenskap.</li> </ul>	



## 7. OMVANG VAN DIE INHOUD

## WEEFSELS, SELLE EN MOLEKULÊRE STUDIES

## DNA en proteïensintese

INHOUD	UITBREIDING/VOORGESTELDE VOLGORDE
<b>Struktuur en funksies van die nukleus</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Hersien die volgende funksies van die nukleus/kern (van Graad 10): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kontroleer struktuur en metabolisme van sel</li> <li>• Verskaf meganisme, deur selverdeling, vir oordrag van oorgeërfde eienskappe</li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Identifiseer, beskryf en noem die funksies van die volgende dele van die nukleus/kern: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kernmembraan met porieë</li> <li>• Nukleoplasma</li> <li>• Chromosome (chromatiennetwerk)</li> <li>• Nukleolus (vervaardiging van ribosome RNA)</li> </ul> </li> </ul>
<b>DNA</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Identifiseer DNA en RNA as nukleïensure.</li> <li><input type="checkbox"/> Noem dat nukleotiede die boublokkies is van nukleïensuur.</li> <li><input type="checkbox"/> Noem drie bestanddele van 'n nukleotied: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Stikstofbassis wat skakel met waterstofbindings</li> <li>• Suikergedeelte (deoksiribose in DNA; ribose in RNA)</li> <li>• Fosfaatgedeelte</li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Bestudeer die struktuur van DNA met betrekking tot die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Noem die ligging van DNA (kern en mitochondrions).</li> <li>• Noem 4 stikstofhoudende basisse van DNA: adenien (A), timien (T), sitosien (C), guanien (G).</li> <li>• Noem dat die paring van basisse in DNA soos volg plaasvind: (A: T en G: C).</li> <li>• Maak 'n stokkiestekening wat 'n deel van die struktuur van 'n DNA-molekuul voorstel (in die vorm van 'n leer).</li> <li>• Identifiseer dubbele heliiskonfigurasie, suurstof en suikerfosfaatbindings van DNA.</li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Noem die funksies van DNA.</li> <li><input type="checkbox"/> Beskryf die geskiedenis van die ontdekking van die DNA-molekule (<b>verwys na Watson, Crick en Franklin</b>).</li> <li><input type="checkbox"/> Onderneem praktiese werk oor die ekstraksie van DNA deur van huishoudelike reinigingsmiddels gebruik te maak.</li> <li><input type="checkbox"/> Bou 'n DNA-model.</li> <li><input type="checkbox"/> Beskryf DNA-replikasie onder die invloed van ensieme (geen name van ensieme is nodig nie).</li> <li><input type="checkbox"/> Noem die betekenis van DNA-replikasie.</li> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik DNA-vingerafdrukke ten opsigte van die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wat dit is</li> <li>• Die gebruike daarvan</li> <li>• Debatte aangaande die gebruike daarvan (koste, etiese oorwegings, gevolge van interpretasiefoute)</li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Beskryf die rol van bakteriële DNA in die vervaardiging van insulien (biotegnologie).</li> </ul>

INHOUD	UITBREIDING/VOORGESTELDE OPEENVOLGING
<b>RNA</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Noem drie soorte RNA en noem die ligging van elkeen.</li> <li><input type="checkbox"/> Noem dat RNA 'n enkeldraadstruktuur is wat bestaan uit nukleotiedes: Elke nukleotied is 'n samestelling van suiker (ribose) fosfaat en stikstofbasis.</li> <li><input type="checkbox"/> Noem 4 stikstofhoudende basisse van RNA: adenien (A), urasiel (U), sitosien (C) , guanien (G).</li> <li><input type="checkbox"/> Maak 'n stokkiestekening van 'n deel van 'n RNA-molekule.</li> <li><input type="checkbox"/> Noem die funksies van RNA.</li> <li><input type="checkbox"/> Vergelyk (verskille en ooreenkomste) tussen DNA en RNA.</li> </ul>
<b>Proteïensintese</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Noem dat proteïene saamgestel is uit aminosure en dat die volgorde van die aminosure besluit watter tipe proteïen dit is.</li> <li><input type="checkbox"/> Beskryf die rol van DNA en RNA in proteïensintese deur 'n bespreking van die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die formasie van mRNA van DNA deur transkripsie</li> <li>• Beweging van mRNA van die nukleus tot sitoplasma</li> <li>• Oordrag van mRNA (kodon) om 'n proteïen te vorm deur tRNA (antikodon) te gebruik.</li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Bepaal die opeenvolging van aminosure wat nodig is om 'n proteïen te vorm van 'n gegewe mRNA-volgorde en 'n lys van aminosure wat gedra word deur verskillende tRNA-molekules.</li> </ul>

## Chromosome, meiose en die produksie van geslagselle

INHOUD	UITBREIDING/VOORGESTELDE OPEENVOLGING
<b>Chromosome</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Noem die ligging van chromosome.</li> <li><input type="checkbox"/> Noem dat 'n chromosoom uit gene bestaan wat saamgestel is uit DNA en proteïen.</li> <li><input type="checkbox"/> Noem dat die getal chromosome in 'n sel 'n eienskap van 'n organisme is (bv. mense het 46 chromosome).</li> <li><input type="checkbox"/> Lys die funksie van chromosome.</li> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik hoekom chromosome as enkeldraad- of dubbeldraadstrukture kan voorkom (twee chromatiede geheg deur 'n sentromeer).</li> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik wat bedoel word deur 'n haploïed en diploïed getal chromosome.</li> <li><input type="checkbox"/> Differensieer tussen geslagselle (gamete) en somatiese selle (liggaamselle).</li> </ul>

INHOUD	UITBREIDING/VOORGESTELDE VOLGORDE
<p><b>Meiose</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Hersien mitose (Graad 10).</li> <li><input type="checkbox"/> Definieer meiose.</li> <li><input type="checkbox"/> Noem waar meiose in plante en in diere plaasvind.</li> <li><input type="checkbox"/> Gee 'n kort uiteensetting van die lewensiklus van mense om die rol van mitose en meiose te toon in die restorasie en handhawing van die chromosoomgetal.</li> <li><input type="checkbox"/> Skets die verskillende stadiums in die selsiklus met beklemtoning van die gebeurtenisse van interface.</li> <li><input type="checkbox"/> Gebruik diagramme om te identifiseer en te noem wat gebeur in elk van die volgende fases van meiose: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Eerste verdeling: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Profase 1 (sluit in diagramme om besonderhede van herkombinasie te toon)</li> <li>○ Metafase 1 (chromosome kom in lyn by ewenaar in homoloë)</li> <li>○ Anafase 1 (homoloë chromosome verdeel en begin beweeg na die pole; sitokinese begin)</li> <li>○ Telofase 1 (sitokinese voltooi; 2 nuwe selle met helfte van die chromosoomkomplement van die oorspronklike sel)</li> </ul> </li> <li>• Tweede verdeling: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Profase 2 (chromosome afsonderlik)</li> <li>○ Metafase 2 (chromosome kom enkel in lyn by ewenaar)</li> <li>○ Anafase 2 (chromosome verdeel by die sentromeer; chromatiede begin na teenoorgestelde pole beweeg, sitokinese begin)</li> <li>○ Telofase 2 (sitokinese voltooi; 4 nuwe selle ontstaan; elk met helfte van die oorspronklike chromosoomkomplement en verskillend van mekaar)</li> </ul> </li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik hoekom die vier selle aan die einde van meiose nie geneties identies is nie.</li> <li><input type="checkbox"/> Vergelyk die eerste en tweede meiotiese verdelings.</li> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik die belangrikheid van meiose <ul style="list-style-type: none"> <li>• In die vermindering van die chromosoomgetal</li> <li>• As 'n meganisme om genetiese variasie in te bring deur <ul style="list-style-type: none"> <li>○ herkombinasie tydens Profase 1</li> <li>○ die willekeurige rangskikking van chromosome op die ewenaar tydens Metafase 1</li> </ul> </li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Bestudeer mikroskoopskyfies/mikrograwe/modelle wat verskillende stadiums van meiose toon.</li> </ul>

<b>Genetika</b>
-----------------

INHOUD	UITBREIDING/VOORGESTELDE OPEENVOLGING
<b>Inleiding</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Definieer genetika.</li> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik die volgende terme:               <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Gene</i> as klein deeltjies van DNA en proteïen</li> <li>• <i>Allele</i> as gene wat dieselfde eienskap beheer, bv. oogkleur</li> <li>• <i>Haploïed</i></li> <li>• <i>Diploïed</i></li> <li>• <i>Somatiese/liggaamselle</i> (bevat gene in pare)</li> <li>• <i>Geslagselle/gamete</i> (bevat ongepaarde gene)</li> <li>• <i>Homosigoties</i></li> <li>• <i>Heterosigoties</i></li> <li>• <b>Dominant</b></li> <li>• <b>Resessief</b></li> <li>• <i>Menslike genoom</i></li> </ul> </li> </ul>
<b>Monohibriede Kruisings</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Gee 'n oorsig van Mendel se bydrae tot genetika soos volg:               <ul style="list-style-type: none"> <li>• Mendel se eksperimente</li> <li>• <b>Mendel se konsep van dominansie en wet van segregasie</b></li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik Mendel se monohibriede kruising ten opsigte van gene, dominant, resessief, homosigoties, heterosigoties, genotipe, fenotipe en filiale ontwikkelings (deur diagramme en Punnet se vierkante).</li> <li><input type="checkbox"/> Berei 'n simulاسie voor van 'n monohibriede kruising deur stukkies gekleurde papier, gekleurde krale of sade te gebruik.</li> <li><input type="checkbox"/> Los monohibriede probleme op gebaseer op volkome dominansie (tot 2de generasie).</li> <li><input type="checkbox"/> Maak opnames en teken staafgrafieke van die insidensie van dominante en resessiewe eienskappe van leerders soos:               <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aangehegte (resessiewe)/ongehegte oorlobbe (dominant)</li> <li>• Gerolde (dominante)/ongerolde tong (resessief)</li> <li>• Reguit pinkie (resessief)/gebuigde pinkie (dominant)</li> </ul> </li> <li><input type="checkbox"/> Los monohibriede probleme op gebaseer op onvolkome en kodominansie (tot 2de generasie)</li> </ul>
<b>Dihibriede kruisings</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Noem wat bedoel word met 'n dihibriede kruising.</li> <li><input type="checkbox"/> Gebruik 'n voorbeeld om 'n dihibriede kruising van volkome dominansie te illustreer.</li> </ul>
<b>Geslagsbepaling</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Onderskei tussen outosome en geslagschromosome in die kariotipe van manlike en vroulike mense.</li> <li><input type="checkbox"/> Gebruik 'n monohibriede kruising om die oorerwing van geslag by die mens te toon.</li> </ul>
<b>Oorerwing en voorspelling van bloedgroepe</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik die oorerwing van die vier bloedgroepe (fenotipes) en hulle moontlike genekombinasies (genotipes) met gebruik van die allele <math>I^A</math>, <math>I^B</math> en <math>i</math>.</li> <li><input type="checkbox"/> Voorspel moontlike bloedgroepe van kinders van ouers met verskillende bloedgroepe.</li> <li><input type="checkbox"/> Verduidelik die belangrikheid van die voorspelling van bloedgroepe vir die oplossing van probleme ten opsigte van betwiste ouerskap in vergelyking met DNA-ontleding.</li> </ul>

INHOUD	UITBREIDING/VOORGESTELDE OPEENVOLGING
<b>Mutasies</b>	<input type="checkbox"/> Beskryf mutasies soos volg: (skakel met evolusie, later) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen- en <b>chromosoommutasies</b> as <b>veranderinge</b> in die dupliseringsproses tydens DNA-replikasie</li> <li>• <b>Differensieer tussen punt- en raampieverskuiwingsmutasies (insluitend weglating, invoeging, inversie)</b></li> <li>• <b>Differensieer tussen invoeging en weglating van `n chromosoom en invoeging van `n stel chromosome</b></li> <li>• Oorsake van mutasies</li> <li>• Definieer natuurlike seleksie en beskryf die rol van mutasies in natuurlike seleksie</li> </ul>
<b>Genetiese siektes</b>	<input type="checkbox"/> Beskryf die aard, oorsake en simptome van die volgende siektes: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Down se sindroom</li> <li>• Sekelsel-anemie</li> <li>• Hemofilie</li> <li>• Albinisme</li> </ul> <input type="checkbox"/> Maak interpretasies oor gegewe kariotipes van organismes
<b>Genetiese modifikasie</b>	<input type="checkbox"/> Verduidelik wat bedoel word met selektiewe teling en lys voordele van hierdie proses. <input type="checkbox"/> Verduidelik wat bedoel word met genetiese modifikasie. <input type="checkbox"/> Gee 'n kort beskrywing van elk van die volgende ten opsigte van genetiese modifikasie: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Produksie van menslike insulien deur bakterieë te gebruik</li> <li>• Die teling van 'n dier wat lyk soos die uitgestorwe kwagga</li> <li>• Die voordele en nadele van geneties gemodifiseerde kosse</li> <li>• Verskillende oopunte oor kloning</li> </ul>
<b>Rasegtheid en genetiese voorligting</b>	<input type="checkbox"/> Interpreteer stamboomdiagramme om die oorerwing van eienskappe oor baie geslagte heen na te spoor. <input type="checkbox"/> Verduidelik hoe stamboomdiagramme gebruik kan word in: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die voorspelling van die eienskappe van afstammeling</li> <li>• Selektiewe teling</li> <li>• Genetiese berading</li> </ul>

**STRUKTUUR, KONTROLE EN PROSESSE****Reproduksie/Voortplanting by die mens**

<b>INHOUD</b>	<b>UITBREIDING/VOORGESTELDE VOLGORDE</b>
<b>Inleiding</b>	<input type="checkbox"/> Teken 'n vloeiagram om die menslike lewensiklus voor te stel. <input type="checkbox"/> Verduidelik die rol van meiose en fusie in die lewensiklus van die mens.
<b>Struktuur van die manlike en vroulike reproduksiestelsels van die mens</b>	<input type="checkbox"/> Bestudeer die manlike en vroulike reproductiewe stelsels van soogdiere deur gebruik te maak van kaarte, modelle en/of 'n klein gedissekteerde soogdier. <input type="checkbox"/> Die manlike reproduksiestelsel <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee 'n kort beskrywing van die testes ten opsigte van die volgende aspekte:               <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Posisie</li> <li>○ Interne struktuur om die selle van Leydig aan te toon, sowel as kiem-epiteel, selle in verskillende stadiums van spermatogenese met inbegrip van spermatogonia, Sertori-selle</li> <li>○ Funksies van kiem-epiteel, selle van Leydig, Sertori-selle</li> </ul> </li> <li>• Identifiseer op 'n diagram die buise wat sorg vir die vervoer van spermatozoa: epididimis, vas deferens, saadbuis en uretra en noem die funksies van elkeen.</li> <li>• Identifiseer op 'n diagram die bykomstige kliere: seminale blasies, prostaatkliere en Cowper se kliere en noem die funksies van elkeen.</li> <li>• Beskryf kortliks puberteit en die ontwikkeling van die sekondêre manlike eienskappe onder die invloed van Testosteron.</li> </ul> <input type="checkbox"/> Die vroulike reproduksiestelsel <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee 'n kort beskrywing van die eierstokke ten opsigte van die volgende aspekte:               <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Posisie</li> <li>○ Interne struktuur wat aantoon kiem-epiteel, Graaf se follikels in verskillende stadiums van ontwikkeling met ova en corpus luteum</li> <li>○ Funksies van kiem-epiteel, Graaf se follikels en corpus luteum</li> </ul> </li> <li>• Identifiseer op 'n diagram die:               <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Fallopiusbuis met gewimperde tregters en noem die funksies van elke deel</li> <li>○ Uterus met baarmoederwand uitgevoer met endometrium, en noem die funksies van elke deel</li> <li>○ Vagina en sy eksterne opening, die vulva, en noem die funksies van elke deel</li> </ul> </li> <li>• Beskryf kortliks puberteit en die ontwikkeling van die sekondêre vroulike eienskappe onder die invloed van oestrogeen en progesteron.</li> </ul>

INHOUD	UITBREIDING/VOORGESTELDE VOLGORDE
